



Laerskool KENRIDGE Primary School

Van Riebeecklaan / Van Riebeeck Avenue, KENRIDGE, 7550 | Tel: 021 976 3046/7 | Fax/Faks: 021 975 1312
www.kenridgeprimary.co.za

Every child Every chance Every day | Elke kind Elke kans Elke dag | Wonke umntwana Lonke ixesha Yonke imihla

Ouerinligting - 2017

1. Graad Twee, 'n jaar waarin onafhanklikheid, probleemoplossing en self-dissipline ontwikkel word:

Dit is baie belangrik dat u kind se luister- en organisatoriese-vaardighede goed ontwikkel word om te verseker dat hy / sy die uitdagings wat aan hom / haar gestel word, kan hanteer om sodoende die dag vlot te laat verloop. Ouers kan help deur self-dissipline aan te moedig en hulle te leer om betyds gereed te maak vir die begin van elke skooldag.

1. Leer u kind om self sy / haar swemklere, swempette, swembrille en handdoeke vir LO, in 'n sak te pak (swemdae).
2. Leer hulle om self hul skooltasse, nadat hulle huiswerk voltooi is, vir die volgende dag te pak.
3. Stel 'n rooster vir u kind se buitemuurse aktiwiteite op om onsekerheid uit te skakel.
4. Gee u kind verantwoordelikhede tuis en leer hulle om self op te ruim.
5. Laai asseblief u kind by die hek af en bevestig waar u hom / haar die middag na skool gaan oplaai. Maak baie seker dat u kind wel weet wie hom / haar die middag sal oplaai en waar die persoon gaan wag. **Ons versoek dat ouers nie gedurende skoolure in die skoolgebou sal wees nie, behalwe as u reeds 'n afspraak met die klasonderwyseres gemaak het. Hierdie reëling is deel van die skool se sekuriteitsprogram.**

2. Huiswerk, briewe, skryfbehoeftes en korrespondensie:

1. Plaas 'n groot skuifspeld in die huiswerkboek om die regte bladsy aan te dui, aangesien dit vir party leerders baie moeilik is om die regte bladsy te vind.
2. Die skryfbehoeftes moet asseblief elke kwartaal nagegaan word om te verseker dat alles steeds in 'n bruikbare toestand is.
3. Lees alle briewe en notas wat in hul briewesak geplaas word. Voltooi dit asseblief betyds en vra hom / haar om dit in te handig sodra hy / sy in die klas kom.
4. Die huiswerkboek moet asseblief elke dag nadat die huiswerk voltooi is, geteken word.
5. Huiswerk is nie opsioneel nie, maar moet elke dag gedoen word.
6. Skryf asseblief positiewe en opbouende kommentaar in u kind se klaswerkboek wanneer dit huis toe gestuur word.
7. Korrespondensie aangaande u kind, kan deur middel van e-pos of 'n brief gestuur word. Maak asseblief 'n afspraak indien u 'n behoefte het om met die onderwyseres te gesels.
8. Sorg asseblief dat u kind betyds is vir skool (07:43). Dit plaas onnodige druk op die kinders as hulle laat is.
9. Sou u kind 'n brief aangaande swak gedrag ontvang, vra ons dat u dit in 'n ernstige lig sal beskou. Bespreek asseblief gereeld selfbeheersing, respek en goeie maniere met u kind. Ons maak staat op u samewerking in die verband.

3. Lees:

1. Leerders moet eers die woorde van die leesboek baasraak, voordat hulle die leesboekie sal ontvang. Daar is ongeveer tien boeke per titel en daarom kan almal nie terselfdertyd die leesboek ontvang nie. Elke leerder sal wel geleentheid kry om al die boeke lees.
2. Moedig u kind aan om moeilike woorde te klank. (Daar is 'n groot verskil tussen 'klank' en 'spel'.)
3. Moedig hom / haar aan om vloeiend en met gevoel te lees.
4. Verlore boeke moet deur ouers vervang word.
5. Neem u kind na 'n biblioteek sodat hulle 'n liefde vir lees kan ontwikkel. Laat hulle boeke uitneem waarvoor hulle kans sien.
6. Maak seker dat u kind wel 'n leesboek vir Stillees het. Die hele skool lees soggens vanaf 07:43 tot ongeveer 08:05.

4. Verjaarsdae:

1. 'n Klein pakkie lekkertjies of 'n kolwyntjie is altyd baie welkom. Indien u 'n groot koek skool toe stuur, sny dit asseblief vroegtydig in stukke aangesien dit ons taak baie sal vergemaklik.

5. Snoepie:

Gebruik asseblief u diskresie in die verband.

6. Kosblikke:

Sorg asseblief dat u kind gesonde kos skool toe bring. Die inhoud van die kosblik sal bepaal tot watter mate u kind na pouse sal fokus en konsentreer.

Moedig u kind aan om baie water te drink. Stuur 'n bottel met water skool toe, sodat hulle dit in die klas kan gebruik as hulle dors is. Ons verkies dat u nie yswater stuur nie.

Graad 2 is 'n opwindende jaar en 'n jaar waarin u kind op sosiale, persoonlike en akademiese gebied baie vordering gaan toon. Kom ons staan saam om hierdie jaar 'n spesiale een te maak.

Die uwe



Graad 2-opvoeders

S. R. Smith (Mev.)
Skoolhoof

